



**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I**

Tyd: 3 uur

100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n Addendum van 9 bladsye (i tot ix). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. In hierdie vraestel is daar twee afdelings:  
  
AFDELING A: Begrip-, Taalvaardigheid en Visuele Geletterdheid  
AFDELING B: Poësie
  3. Beantwoord AL die vrae.
  4. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.
  5. Begin elke VRAAG op 'n nuwe bladsy. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
  6. Laat asseblief 'n reël oop tussen antwoorde en bly binne die regterkantse kantlyn.
  7. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let veral op die puntetoekenning by elkeen van die vrae.
  8. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
  9. Goeie taalversorging sal in jou guns tel.
  10. Handig asseblief hierdie vraestel in.
-

## AFDELING A      BEGRIP-, TAALVAARDIGHEID EN VISUELE GELETTERDHEID

### VRAAG 1

Lees die artikel "n Man en 'n spa" (Teks 1 in die Addendum) noukeurig deur en beantwoord dan die volgende vrae.

- 1.1 Die volgende vrae verwys na paragraaf 1:
- 1.1.1 Waarom, dink jy, is die woord "man" in aanhalingstekens geplaas? (2)
- 1.1.2 Wat sou die meervoud wees van hierdie spesifieke gebruik van die woord? (1)
- 1.1.3 Wat is die **implisiete** boodskap van hierdie paragraaf? (1)
- 1.2 In die HAT vind jy die volgende inskrywing onder die woord manikuur:
- ma·ni·kuur'**. I s.n.w. (manikure). Versorging van hande en naels. II ww. (gemanikuur). Hande en naels versorg: *Jouself manikuur. Sy sal my manikuur.* [L. *manus* hand + *cura* sorg].
- 1.2.1 Herskryf die woord, maar onderstreep die lettergreep wat in Afrikaans beklemtoon word. (1)
- 1.2.2 Waarvoor staan die afkorting L. in die blokhakies? (1)
- 1.2.3 Wat beteken die "pedi-" in die woord "pedikuur"? (1)
- 1.3 Verduidelik waarom die skrywer sê dat die term "metroseksueel" vir hom "soos 'n sexy polisievrout in Johannesburg" (paragraaf 3) klink. (2)
- 1.4 Gee die antoniem van die woord "normaal" (paragraaf 4). (1)
- 1.5 Wat probeer die skrywer bereik deur die herhaaldelike gebruik van vergelykings in paragraaf 2, 3 en aan die einde van paragraaf 5? (2)
- 1.6 Die skrywer maak die vreemde verontskuldiging dat "warmklipmassering" en die "dryftenkprosedure" (paragraaf 6) niks met oorlog of xenofobie te make het nie. Waarom sou die oningelikes wel die "fout" kon maak? (2)
- 1.7 In die volgende woorde: "My lyf was een groot drukpunt, ek is liggaamlik een groot spasma" (paragraaf 8), maak die skrywer gebruik van die volgende stylfiguur (skryf die letter van jou antwoord EN die woord neer):
- A      Personifikasie  
B      Alliterasie  
C      Hiperbool  
D      Metonimia (1)
- 1.8 Maak 'n verklarende sin met die homoniem van "dryf" (paragraaf 9). (1)

- 1.9 Dink jy die skrywer van die artikel het sy ervaring by die spa geniet? Haal aan om jou antwoord te ondersteun. (2)
- 1.10 Gee een woord wat die toon van hierdie artikel sou beskryf. (1)
- 1.11 Waarom, dink jy, is die meeste mans so onwillig om spa's te besoek? (2)
- [21]

## VRAAG 2

Beskou die spotprent (Teks 2 in die Addendum) aandagtig en beantwoord dan die volgende vrae.

- 2.1 Wie is die spreker in die spotprent? Hoe weet jy dit? Ondersteun jou antwoord deur na **drie** visuele aspekte te verwys. (4)
- 2.2 Op watter **twee** maniere word daar in/met die spraakborrel aangedui dat hierdie persoon kwaad of ontsteld is? (2)
- 2.3 Op watter twee maniere word woorde in die spraakborrel beklemtoon? (2)
- 2.4 Die muis onder in die regterkantse hoek van die spotprent sê: "Hy sal nooit van deuntjie verander nie!"  
Verduidelik die letterlike en figuurlike manier waarop die woorde hier interpreteer kan word. (2)
- 2.5 Gee een woord wat die reaksie van die man wat notas neem in die spotprent sou beskryf en gee dan twee redes vanuit die man se liggaamstaal wat jou antwoord verduidelik. (3)
- 2.6 Volgens die sportprent is Freshly Ground – 'n baie bekende moderne Suid-Afrikaanse musiekgroep – verbied om in Zimbabwe op te tree. Verduidelik nou, in jou eie woorde, die kontras tussen die sittende man en dié groep in hierdie spotprent. (2)
- [15]

## VRAAG 3

Lees die teks van die Eskom-advertensie (Teks 3 in die Addendum) wat in 'n tydskrif verskyn het en voer die volgende opdrag uit:

Daar is 'n radiostasie by jou skool wat deur die leerders self beheer word. Aangesien jy die beste taalgebruiker in jou skool is, word jy gevra om Eskom se tydskrifadvertensie te verwerk vir 'n radio-advertensie van 30 sekondes. Jou teks moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit mag hoogstens 75 woorde lank wees om gemaklik in die tydgleuf te pas.
- Dit moet gerig wees op die luisteraars van die radiostasie: jou skoolmaats!

- Dit moet egter steeds in goeie, suiwer Afrikaans wees.
- Jy moet jou luisteraars motiveer om elektrisiteit te bespaar, 'n rede hiervoor gee en minstens **drie** praktiese wenke gee sodat hulle dit kan regkry.
- Lê jou advertensieteks uit soos 'n dialoog, selfs al gebruik jy net een stem.
- Dui jou woordtelling vir die advertensieteks aan.

Onder jou teks moet jy twee sinne byvoeg – elkeen mag hoogstens 20 woorde lank wees.

- Die eerste sin moet die musiek of ander byklanke beskryf wat jy in die advertensie wil gebruik.
- Die tweede sin moet die stem(me) beskryf wat jy in die advertensie wil gebruik.

[10]

#### VRAAG 4

Lees die teks "Die koue en die mejuffroue ..." (Teks 4 in die Addendum) deeglik deur en beantwoord dan die volgende vrae.

4.1 Die titel van hierdie rubriek is "Blouwillemaandag".

4.1.1 Wat beteken dit as jy 'n "blou Maandag" beleef? (1)

4.1.2 Gee **drie** oortuigende redes waarom die rubriek moontlik die naam "Blouwillemaandag" het. (3)

4.2 Lees weer paragraaf 2. Die sinsdeel "wat ek nie verstaan nie?" is 'n ... (Skryf slegs die nommer van jou antwoord neer.)

4.2.1 bywoordelike bepaling

4.2.2 bywoordelike bysin

4.2.3 byvoeglike bepaling

4.2.4 byvoeglike bysin

(1)

4.3 In die HAT kry ons die volgende inskrywing vir die woord "hinderlaag" (par. 6):

**Hin'der-laag** s.nw. **1** Wegsteekplek van waaruit 'n mens of 'n dier 'n onverwagte aanval op sy vyand of prooi maak: *In 'n hinderlaag lei, lok, loop, val.* **2(a)** Verborgte opstelling van troepe om die vyand onverhoeds te oorval: *Uit 'n hinderlaag opruk.* **(b)** Troepe aldus opgestel: *'n Hinderlaag uitwis.* **3** (*fig.*) Valstrik: *Die aanklaer het die aangeklaagde in 'n hinderlaag gelok.*

4.3.1 Waarvoor staan die afkorting "s.nw." in die inskrywing hierbo? (1)

4.3.2 Watter een van die drie moontlike betekenisse van die woord sou binne die konteks van hierdie paragraaf die beste van toepassing wees? Verduidelik asseblief jou antwoord breedvoerig. (3)


4.4 Skryf paragraaf 10 oor in die direkte rede. (2)

4.5 In paragraaf 12 is daar 'n puntuasiefout. Skryf slegs die sinsdeel oor, maar maak die fout reg en onderstreep jou antwoord. (1)

- 4.6 'n Satiriese rubriek spot gewoonlik met sake wat eintlik baie ernstig is.  
Gee twee goeie voorbeelde van satire uit die rubriek en verduidelik hulle kortliks. (2)  
**[14]**

### VRAAG 5

Beskou die "virseker"-advertensie (Teks 5 in die Addendum) aandagtig en beantwoord dan die volgende vrae.

- 5.1 Let op die grafika aan die linkerkant. Wat het die woorde "Trots Afrikaans" met die objek op die tafeldoek te make? (1)
- 5.2 Die handelsnaam "virseker" is 'n woordspel. Watter woorddeel word hierdeur uitgelig en waarom dink jy wil die maatskappy juis hierop klem lê? (1)
- 5.3 Wat beteken die -simbool links onder op die regterkantse bladsy? (1)
- 5.4 Skryf die volgende sin (uit die kopié op die regterkantse bladsy) oor in die lydende vorm:  
*Ons verseker jou selfs teen die verlies van melkert.* (2)
- 5.5 Gee een woord uit die kopié op die regterkantse bladsy wat dieselfde beteken as die bekende afkorting "a.g.v." (1)
- 5.6 Die teikenmark vir hierdie "produk" is baie spesifiek.  
5.6.1 Beskryf hierdie teikenmark deeglik deur na die kopié (woorde) onder die handelsnaam asook die inligting op die bladsy regs te verwys. (2)  
5.6.2 Dink jy dat dit polities korrek is om in die Suid-Afrika van vandag 'n produk vir so 'n eksklusiewe groep mense te bemark? Verduidelik jou antwoord breedvoerig. (2)  
**[10]**

<b>70 punte</b>
-----------------

**AFDELING B POËSIE**

Doen al die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die gedig "eerste worp" (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord dan die volgende vrae.

- 6.1 Na wie verwys die "ons" in versreël 1? (1)
- 6.2 Die vier "groot name" wat hier genoem word, was onderskeidelik bekend vir musiek, poësie, die skilderkuns en argitektuur. Watter kontras, dink jy, probeer die spreker juis deur die noem van hierdie kunsskeppers uitlig? (2)
- 6.3 Verduidelik watter **drie** maniere die ouderdom van die wêreld in versreëls 11 en 12 beklemtoon word. (3)
- 6.4 Verduidelik breedvoerig wat die spreker met die laaste twee versreëls van die gedig bedoel. (3)
- [9]**

**VRAAG 7 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die gedig "Ukhozi" (Teks 7 in die Addendum) en beantwoord dan die volgende vrae.

- 7.1 Wat beteken die woord "Ukhozi"? (1)
- 7.2 Waarom, dink jy, is die plek en die datum onderaan die titel aangedui? (1)
- 7.3 Verduidelik die dubbelsinnige betekenis in die woord "geval" (versreël 3). (2)
- 7.4 Verduidelik **in een sin** die verskil tussen die woorde wat in gewone druk en die gedeeltes wat in skuinsdruk verskyn. (1)
- 7.5 Wat, dink jy, is die funksie van die allitererende s-klank in versreëls 35 – 40? (1)
- 7.6 Verduidelik die kontras wat geskep word in versreëls 39 – 43. (2)
- 7.7 Waarom, dink jy, hoor ons eers in versreël 44 wat "die man" se naam is? (1)
- 7.8 Hierdie gedig is saam met die foto gepubliseer en kan nie daarsonder gelees word nie. Skryf kort aantekeninge oor hierdie verskynsel met spesifieke verwysing na die volgende:
- Die rol van die foto wat saam met die gedig gepubliseer is
  - Die woorde "vasgevang", "eindeloos", "bly hang" en "gekruisig"
  - Die metafoer van 'n foto as 'n gedig/die gedig as 'n foto (metatekstualiteit) (3)
- [12]**

**VRAAG 8 ONVOORBEREIDE GEDIG**

- 8.1 Beskryf **twee** ooreenkomste tussen die gedig "Foto van man wat val" en "Ukhozi". (2)
- 8.2 Die agtergrond van die foto lyk byna soos 'n staafkode van 'n produk. Let ook op die woord "naamlose" (versreël 5). Watter implisiete betekenis word deur hierdie verband tussen die foto en die gedig geskep? (1)
- 8.3 Gee twee moontlike redes waarom die man in die gedig "Foto van man wat val" as 'n "uitroepteken" (in versreël 5) beskryf word. (2)
- 8.4 Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 15? (1)
- 8.5 Waarom is dit so ironies dat die man wat hier (uiteindelik) gesterf het juis van Puerto Rico was? (1)
- 8.6 Watter een van die twee gedigte het jou persoonlik die meeste geraak? Verduidelik jou antwoord met spesifieke verwysing na die **inhoud** en **vorm** van die gedigte. (2)

**[9]**

<b>30 punte</b>
-----------------

**Totaal: 100 punte**